

Pretoria- 20 Junie 2010

Skriflesing: Esegïel 3:14-27

Teks: **Esegïel 3:17,21**

Sing- SAMESANG: Ps. 94:1,10

TYDENS EREDIENS: Ps. 86:5,6; Ps. 32:1,5; Ps. 27:6; Ps. 78:1

Esegïel het gesien, hy het gehoor, hy het geëet. Broeder en suster, die boekrol was soos heuning so soet in sy mond maar tog was daar ook 'n bitterheid. Verlede keer het ons vers 14 ook gelees- waar Esegïel sê: *Ek het gegaan, verbitterd in die grimmigheid van my gees; maar die hand van die Here was sterk op my.* Wat maak dat hierdie mensekind verbitterd word?! Die mens in sy volharding om sy wil te verander. Wanneer 'n ma vir haar kind die lekkerste kos voorberei en die kind dan hierdie kos weier. Hierdie bitterheid maak dat Esegïel sewe dae sprakeloos net daar sit. Die bitter van die roeping neem jou woorde weg as jy die soetste heilswoord uit die mond van God voorsit, die Woord kom uit hemelse geweste, maar die mens volhard in totale onwil. Verstom het Esegïel maar net daar bly sit. Esegïel het dit moes besef dat wat nou tot hier gebeur het, daardie aangrypende gesig van wiele binne die wiele en wat God se heerlikheid en God se stem hom laat hoor het, is nou die dinge wat agter hom lê. Nou moet hyself vorentoe. Die heilige stilte is verby.

Hierdie week, sewe dae het verby gegaan en dit sou Esegïel na hierdie week gou besef. Hierdie sewe dae lê tussen roeping en aanvaarding...ampsroeping...ampsaanvaarding. Wat kan hy wat Esegïel is doen?! Die volk volhard in hulle wil om nie te verander nie, maar hy wat Esegïel is moet ook volhard. Maak nie saak hoe hard hierdie volk is nie, hy moet volhard in die prediking van die Woord. Die ander kant van die saak is dat hy nie mag stilbly nie. Trouens die volk se volharding tot ongehoorsaamheid werk nog altyd net meer en meer verswarend, want dit is sy eie mense met wie Esegïel te doen het. Die Here het reeds gewys as dit 'n vreemde volk was, mense van 'n ander land, hulle praat 'n ander taal, dan sou hulle geluister het. Hier het Esegïel te doen met mense wat nie duister van spraak en swaar van tong is nie.

Hulle kan elke soete woord baie goed verstaan, hulle het geen verskoning om te sê dat ons nie verstaan nie. Hulle is immers die huis van Israel (vgl. 3:5), in hulle moedertaal word daar met hulle gepraat. Geliefdes, dit geld vir ons net soveel. Mense kom dikwels met die verskoning vorendag dat hulle nie 'n preek verstaan nie, dit is vir hulle swaar om na te luister, maar wat lê eintlik daaragter? Nie maar ook die onwil om nie te wil verstaan nie, maar Esegïel het 'n volharding van sy eie moes kry om met hierdie hardhorende volk mee te praat.

Hulle volharding moet hy in eie volharding aanvat. Die Here gee vir Esegïel 'n diamant voorhoof, so hard, harder as rots sê die Here (3:9). Dan gaan dit nie daaroor dat Esegïel nou ook sy eie hardkoppigheid teen hulle hardkoppigheid moet ontwikkel nie. Koppigheid was in alle geval nog nooit 'n deug of gawe nie, die Here beskou koppigheid as swakheid. Esegïel sal nie hardkoppig wees nie, maar hy sal draer van die Woord moet bly. Hy moet aanhou, hy moet volhard in waarmee God hom laat begin het. Die Woord is in alle geval die diamant wat werk, baie eeue later het die mens diamant lemme ontwikkel wat alles kan sny. Die Woord was nog altyd die diamant waarvan die snykant nie stomp kan word nie. Esegïel sou dit self kon ervaar. Hoe die Woord in harde staalharte kan ingrif. So min soos staal 'n diamant kan beskadig, so min kan harde harte die Woord beskadig. Hoe meer ek myself hierteen verhard, hoe seerder maak ek myself. Die Woord kan nie geskend word nie, maar as jy die Woord wil skend dan skend jy jouself.

As Esegïel hierdie diamant-voortreflikheid ontvang en Esegïel besef mense verkies die staalhardheid van hulle eie harte, bo die diamant-voortreflikheid van God se Woord, dan

Pretoria- 20 Junie 2010

word Esegïel uiteindelik spesifiek op sy taak gewys. 'n Harde taak, waar daar met staalhartmense gewerk sal moet word, maar nou sal Esegïel ook na sy sewe dae van totale verbystering hoor hierdie harde taak is boonop lewensgevaarlik. Sy roeping wat hy eintlik maar nog net so in die algemeen ontvang het word nou harde werklikheid.

Die harde werklikheid van Tel-Abib. Van God na die mens moet hy nou beweeg. Die heilige stilte van sewe dae word gebreek. God se Woord breek deur en wat eerste gesê word, is- *Mensekind ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel...as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku.* In wat hierna volg wys God vir Esegïel op sy verantwoordelikheid, dit word 'n gevalle-studie en dan sien Esegïel weer God se heerlikheid in vv22-23, maar God wys hom ook op die onmoontlikheid wat daar op hom wag. Hoe hy gebind sal wees.

Wanneer Esegïel as wag vir die huis van Israel aangestel word dan moet ons nie die beeld vorm van 'n skaapwagter wat rustig oor sy skape die wag hou nie, maar hier is hy soos 'n wag op 'n wagtoring. So iemand moet wakker en paraat wees, 'n hele stad se veiligheid hang af van hoe die wagters op die wagtoring elke oomblik enige beweging van vêr reeds moet kan onderskei. Enig oomblik wat so 'n wagter enige onraad bespeur dat moet hy baie hard en baie vinnig groot lawaai maak. As die wagter betyds tot aksie oorgaan om op sy trompet of horing te blaas dan word daar baie lewens gered. Doen die wagter op die muur nie wat van hom verwag word nie en die stad word ingeval en mense word gedood, dan kom die dooies op sy rekening. Die wagter het eintlik so 'n gewone maar lewensnoodsaaklike taak. Self raak hulle nie eers noodwendig altyd in die direkte geveg betrokke nie, maar dat hy betyds moes alarm maak bly sy primêre taak. Dit word al ernstiger want al sou die inwoners op sulke gevegte hulleself eintlik swak voorberei het en die kans is groot dat hulle in alle geval die geveg sou verloor, bly die verantwoordelikheid nog steeds by die wagter om hierdie mense te waarsku. Die wagter sal nie mag sê maar julle was in alle geval nie voorberei nie. As hy nie gewaarsku het nie dan is die dood van elke mens deel van sy slapheid ongeag of daardie mense voorberei was of nie.

So 'n wagter het altyd 'n tweërlei taak. Eers moet hy fyn kan luister, onderskei en bespied en in die tweede plek moet hy hard en duidelik kan waarsku. As Esegïel as wag vir die huis van Israel aangestel word dan is dit geestelik 'n baie verantwoordelike taak. Wanneer hy nie tydig of ontydig sou waarsku nie, dan is hy in sy amp ontrou. Dit is waarna alles heen afstuur, om in jou amp getrou te wees. Om mense siele nie te verwaarloos nie. Sonder dat die ontroue dienaar dit dadelik besef is dit reeds 'n uitgemaakte saak dat die ontroue dienaar dan eintlik ook 'n moordenaar is want hy laat die groot mensemoordenaar Satan deur sy ontrouheid die kudde binne. Watter geweldige klag wat jou en my opgelê kan word dat al het ons fisies geen enkele mens enige leed aangedoen nie dat ek as moordenaar voor God moet kom staan omdat ek nalatig was. Dit word 'n gevalle-studie waarby ons nou-nou sal kom. 'n Vrome moordenaar noem iemand sulke moordenaars. Predikante en ouderlinge kan in hulle nalaat as moordenaars gesien word.

Daarom om sy dienaars te bewaar gee die Here ons eintlik 'n welomskrewe opdrag. *Ek het jou as wag vir die huis van Israel aangestel; en as jy 'n woord uit my mond hoor, moet jy hulle van my kant waarsku...* Dit is al wat hy moet doen, waarsku my kinders deur my Woord. So sê die Here, HERE...Hy moet nie aanvaar dat gevaar nie so groot is of allerhande van sy eie afleidinge rondom God se Woord voorhou nie, maar sy waarskuwing is eintlik nie sy waarskuwing nie, maar God se waarskuwing. Die belangrikste taak vir 'n profeet is om voor hy nog enige woord gesê het, moes hy reeds geluister het. Dit is so belangrik dat hy eers

Pretoria- 20 Junie 2010

luister vóór hy praat, selfs kan die luister met tye belangriker wees as die praat. Jy moet eers leerling wees voordat jy leraar kan word.

Vir hierdie wagter wat die Here Esegïël voor aanstel, hierdie amp waarin God hom bring, is daar deurlopend die geheim van jy moet wakker wees en wagter wees, jy moet waaksaam wees. Jy moet op hoogte wees van dinge wat gebeur. Jy moet die strominge en dwalinge skerp kan onderskei. Ons moet ook nie deur elke stroming meegesleur word nie. Dit help nie maar net dat iemand vroom en standvastig is nie maar hierdie wagter moet werklik God se Woord ken, die belydenis moet voortdurend in sy gedagtes volstaan.

Hy moet ook nie bang wees om te waarsku nie. As die sonde dreig, van watter aard ook al dan moet daar gewaarsku word, al gebeur baie dinge so op die oog af ten koste van die wagter. Soos Natan vir Dawid gesê het- *Jy is die man*- so moet ons dit ook kan doen. Johannes wat vir Herodes sê dit is jou nie geoorloof om jou broer se vrou te neem nie. Dit was in 'n sekere sin die rede waarom Johannes later onthoof is, maar hy was die wagter wat God hom gemaak het. Hierdie opdrag is nie net baie verantwoordelik nie, maar ook baie gevaarlik! Selfs al is dit iemand baie ouer as jy, al is dit iemand wat homself bo jou verhewe ag, dit kan dalk iemand wees vir wie die wêreld die hoogste agting mag hê, geleerd en gewild kan so iemand dalk wees, jy voel jou dalk heeltemal sy mindere, maar geliefdes gee dit die Here rede dat jy nie oor so iemand die wagter moet wees as God jou daarvoor aangestel het nie. Hoegenaamd nie! Dit maak jou taak dalk in baie opsigte baie moeiliker, maar niks hiervan kan hierdie taak van jou wegneem nie!

Ons moet v 17 mooi lees- Die Here sê vir Esegïël – *jy moet hulle van my kant waarsku...* God se kant wat dan eintlik insluit as God soos 'n "Vyand" teen die huis van Israel nader kom dan moet hulle beseft met Wie het hulle te doen. Dit is die geweldige van hoe God werk. Dit is wat die kruis die groot kruispunt ook maak. Die oordeel en die genade van God wat mekaar kruis. God word "Vyand" vir sy volk, maar dan waarsku God eintlik ook. Hy is soos 'n "Vyand" wat ons nie daarbuite sal kry nie. Die gewone vyande sal dit nie uitbasuin dat hulle op pad is in 'n aanval om so die stad te verwoes nie. Die vyand sal nooit self waarsku nie. Sulke vyande wil juis die stad verras en dat niemand moet weet hulle is op pad nie. As God Hom as "Vyand" openbaar, dan gebeur die eienaardige, dit is wat genade eienaardig maak, die kruis sal altyd die eienaardige bly dat ons is gewaarsku, maar het ons geluister?!

Terwyl God het geen behae daarin om te straf nie, maar juis dat daar geluister moet word. Hy wil red, Hy wil nie in die eerste plek vernietig nie. Soos ons al dieper Esegïël sou inlees so word God se hart al hoe groter oopgemaak. Esegïël 18:23- as die Here vra: *Het Ek miskien dan 'n behae in die dood van die goddelose? Spreek die Here HERE. Nie liever daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie?* As dit in hfst. 18 nog in vraagvorm staan, dan antwoord die Here Self sy eie vrae- Esegïël 33:11 is 'n geweldige oproep en openbaring wat die wagter van hfst. 3 bring tot die punt van brandwag in hfst. 33:11- *Sê vir hulle: Sowaar as Ek leef, spreek die Here, HERE, gewis Ek het geen behae in die dood van die goddelose nie, maar daarin dat die goddelose hom bekeer van sy weg en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van jul verkeerde weë! Waarom wil julle tog sterwe, o huis van Israel?*

Esegïël sou uit die staanspoor weet hy is daar nie om lewens te verwoes nie, maar om lewens te red. Dis waarvoor die wagter daar is...hy is juis nie 'n soldaat nie! Tog maak God 'n gevalle-studie wat ons almal laat beseft dit is wat God dikwels doen. Trouens dit is nou nog in die opvoedkunde 'n baie belangrike metode van onderrig dat jy aan die hand van gevalle-studie dinge moet leer- As jy jouself in so 'n studie raaksien, jyself word met die situasie

Pretoria- 20 Junie 2010

gekonfronteer want jyself is direk betrokke, dan kom die beginsels en dit wat die waarheid van die gevalle-studie ook al sal wees nie as iets wat maar oor jou kop kan gaan nie. Nee, of jy dit wil weet of nie, jy is self direk betrokke. Verse 18-21 is deur en deur God se gevalle-studie.

In wat die geval is, is daar net twee kategorieë van mense. Die goddelose en die regverdige. Die studie toon aan, dit wat Esegïël moet na luister en begryp dat hierdie mense se lot kan bepaal word of hulle gewaarsku was of nie en wat dan ook hulle reaksie op die waarskuwing was. Later sal die belangrike van hierdie gevalle-studie 'n al hoe in dieper studie word. Die in-diepte studie van wat hier genoem word kom in hoofstukke 18 en 33 terug. Nou reeds moet ons weet as die goddelose hom nie wil bekeer nie, of hy nou gewaarsku was of nie, hy sal sekerlik sterwe, omdat hy hom nie wil bekeer nie (18-19). As die regverdige na die kant van die goddelose oorbeweeg (20) en daar kom nie weer bekering nie, dan sal hy net soos die goddelose sterwe, maar die verskil wat vir Esegïël en vir ons hard aan die hart moet ruk, is wat hierdie gevalle-studie vir die wagter inhou. Jy as wagter as jy iemand wat as regverdige na die goddelose wou oorgaan, betyds kon waarsku en hy luister na die waarskuwing dan sal hy gered word.

Ons besef hier dat God eintlik nie in hierdie gevalle-studies fokus op wat van die goddelose en regverdige word nie, maar dat God primêr fokus op die rol van die wagter. Hfst. 18 en 33 sal meer handel oor die ander partye, maar hier gaan dit oor die wagter. Hy kan as wagter alleen sy integriteit beskerm en bewaar deur werklik te waarsku. Die deel wat hard aan ons vat is die besef as ek as wagter nie waarsku nie dan word ek deelgenoot van die skuld wat aan die goddelose behoort. Die wagter word dan ook aanspreeklik gehou vir die oordeel wat die goddelose sal tref. Vir sy nalatigheid en skuld sal die wagter die bloed van die goddelose ook op sy eie hande ontvang wat 'n geweldige oordeel oor die wagter kan inhou. 'n Ontroue wagter is eintlik 'n moordenaar! Dit geld vir almal in die kerk van die Here, want ons is mekaar se wagers.

Broeder en suster, u besef sekerlik die erns van wat hier gesê word?! As die wagter doen wat hy moes doen en hy het gewaarsku dan red hy in 'n sekere sin in hierdie situasie homself. Hy sal nie geoordeel word of hy in sy waarskuwing sukses behaal het al dan nie. Daaroor gaan dit nie. Dit gaan net of hy sy plig nagekom het om te waarsku. Daar eindig dit. Dit wat die res van die oordeel aanbetref gaan gewoon oor die onderskeid tussen die regverdige en die goddelose, maar jy as wagter mag nooit dink God werk nie deur en deur ook met jou pogings nie. Jou pogings is vir God alles, God maak die wagter se pogings 'n saak van lewe of dood.

As Paulus later met Timotheus en Titus praat dan het niks van wat die Here vir Esegïël gesê het verander nie. Timotheus moet eenvoudig die werk van 'n evangelis vervul (2 Tim 4:5), wat insluit dat geen ander leer geleer moet word nie (1 Tim 1:3), dat die wat sondig bestraf moet word, *in die teenwoordigheid van almal, sodat ook die ander kan vrees* (1 Tim 5:20), want sê die Here ook vir Timotheus wat eintlik vir Esegïël op 'n ander manier gesê word- *Let op jouself en op die leer; volhard daarin; want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as die wat jou hoor...* Titus kry ook die opdrag dat hy mense skerp moet bestraf, *sodat hulle gesond in die geloof kan wees* (Tit. 1:13). Die skerpste begin self ook te sny want staan in Titus 3:10- *Aan 'n man wat partyskap verwek, moet jy jou onttrek ná die eerste en tweede vermaning.*

Hierdie rol van wagter soos die Here met Esegïël dit openbaar het vir Timotheus en Titus presies dieselfde gebly. Vandag moet dit nog só wees, maar dit sny direk teen die grein van

Pretoria- 20 Junie 2010

die postmoderne mens. Die mens wat glo dat waarheid altyd relatief is, waarheid kan verander afhangende van jou omstandighede, jy kan nie iets meer summier verkeerd noem nie, maar jy gee maar net jou perspektief op die saak. So dink en redeneer vandag se mense. Iets is minder reg of meer verkeerd, maar 'n summiere reg of verkeerd word nie meer maklik aanvaar nie. U en ek wat as wagers geroep is, moet ons nie deur die rook van die postmodernisme laat bedwelm nie. As wagers gaan ons eenvoudig met ons waarskuwing voort, want daar hang so baie daarvan af. Ons waarskuwings het in alle geval soos Esegïël dit ook moet verstaan altyd te doen met die realiteit van gevaar en hierdie waarskuwing hang nie af van die gesindheid van die een wat gewaarsku moet word nie.

Esegïël sou besef die realiteit van God se heerlikheid is wat gedien moet word. Die hand van die Here wat sterk op Esegïël druk (3:14), die hand vat hom weer (3:22), Esegïël moet eenvoudig gaan doen wat die Here vir hom sê. Vers 23 beskryf hoe Esegïël maar na die laagte uitgaan en selfs daar is dieselfde heerlikheid van die Here soos die heerlikheid wat hy by die Kebarrivier gesien het. God se heerlikheid het in die week waarin Esegïël dit laaste gesien het niks verander nie. Dit verander in alle geval nooit nie! God wys vir hom jou vorige gesig was nie 'n droom nie, die Here is in Babel net so werksaam soos in Israel. God kan nie ingeperk word nie en al was Esegïël huiwerig, hy was stil-kwaad vir 'n week lank is dit God wat sy heerlikheid op hom plaas.

Die Gees dwing hom op sy voete, maar geliefdes dan gebeur wat mens nie verwag nie. Die Here het hom dan as wag aangestel om te moet praat, een wat moet kan waarsku, maar nou word sy tong aan sy verhemelte gebind. Die man wat gehoor het hy moet wagter wees, dieselfde Here sê vir hom-*Ek sal jou tong aan jou verhemelte laat klewe, sodat jy stom sal word en vir hulle geen bestraffer sal wees nie; want hulle is 'n wederstrewige huis.* Hoe moet ons dit verstaan?! Voor die tong so aan sy verhemelte gebind word, het die Here reeds ook gewys hoe sy volk hom toue aansit, hoe hulle hom bind dat hy nie onder hulle kan uitgaan nie. Om gebind te wees en om stil te moet wees is wat nou moet gebeur. Soos 'n skaap stom voor sy skeerders, is dit nie bekend in wat hier gebeur in wat met Jesus ook gebeur het nie. Die Wagter wat in sy profetiese rede ons in alles kon waarsku, skielik word Hy gebind, Hy word gekruisig.

In die geval van Esegïël, broeder en suster, staan hierdie slot gebeure van hfst. 3 in die teken van twee geweldige feite. Ek moet leer wat dit is om stil te bly, watter geweldige opvoedkundige les wat elke dienaar van God in sy roeping moet aanleer. As hy na die wederstrewiges moet gaan moet hyself beheers wees, hy moet nie self wederstrewig wees nie. Die Here beklemtoon wéér hoe wederstrewig Israel is (v 26). Voor ek ander tot gehoorsaamheid aan God kan bring, moet ekself gehoorsaamheid in alles geleer het. Wees eers self gehoorsaam voor jy dit van iemand anders kan verwag. Dit is wat die Here Esegïël wil laat besef die wagter wat homself moet kan beheer, waar eiewil en hardkoppigheid en jou eie stem niks tel nie. Dit gaan om God wat gehoor moet word, God se heerlikheid moet hom dra. As daar gepraat moet word dan praat God. Vers 27- *Maar as Ek met jou spreek sal Ek jou mond open en jy moet aan hulle sê: So spreek die Here HERE. Wie hoor, laat hom hoor; en wie dit nalaat, laat hom dit nalaat; want hulle is 'n wederstrewige huis.*

Hierdie slot van hfst. 3 is eintlik die begin van God se oordele, wat Esegïël moet besef en ons moet raaksien. As jy daar in jou huis gebind sit Esegïël, praat met hulle wat na jou huis na jou toe kom. Met die hele Israel sal hy nie kan praat nie, want hulle is reeds so wederstrewig. Hulle wat nie aan die waarskuwinge gehoor wou gee nie sal later dan ook nie meer gewaarsku word nie. Hulle sal dan eintlik in hulle eie vet uitbraai, is die mooi

Pretoria- 20 Junie 2010

Afrikaanse spreekwoord hiervoor. Hulle wat Esegïel se voortdurende prediking so uifers irriterend begin vind het, hulle wil daar niks meer van hoor nie, hulle verset hulle teen hom. Vir so 'n mens is dit heerlik as die stem van die boeteprediker Esegïel stil word. Geen boetepredikasie laat hulle voel God oordeel my ook nie meer nie. Hoe verskriklik kan die mens hom tog misgis. As God nie meer praat nie, dan het die nag vêr gevorder. God wat dan nie meer langer sy pêrels voor die varke gooi nie!

Die een wat egter hoor en die genade besef as God my bestraf dan toon Hy my eintlik sy guns. God het met my nog nie opgegee nie, watter genade om dit te weet. Solank Hy praat is daar mos nog hoop, al kom sy Woord langs strome bestraffinge. Broeder en suster, as ons in hfst. 4 die kaart van die afvallige Jerusalem kontoer na kontoer begin oopvou, kyk maar eers na jou eie kontoere. Die kontoere van jou eie hart. Moet nie dat jou sonde vir jou so algemeen word soos ek drink maar na kerk weer tee met suiker want wat die Here vir my gesê het raak my nie meer nie! As God se bestraffinge ons nie meer ruk nie, ek het eintlik daarteen immuun begin raak, dit is alles maar net woorde, broeder en suster, hoe tragies en hoe laat het dit vir so iemand geword. Mag die Woord ons nog altyd raak. Mag ons waarlik weet wanneer die Here spreek. Al word daar harde dinge vir ons gesê.

AMEN